

Nuwe heupvervangingsprosedure

'n Oplossing vir jonger, aktiewer pasiënte

PETRO BOSMAN

'n HEUPVERVANGINGSPROSEDURE – sover bekend die eerste in sy soort in Suid-Afrika – wat 'n nuwe oplossing is vir jonger, meer aktiewe pasiënte, is 'n paar dae gelede die eerste keer in die Panorama Medi-Clinic uitgevoer.

Dr. Adriaan van Huyssteen, 'n ortopediese chirurg wat spesialiseer in heup-chirurgie



Dr. Van Huyssteen met die metaalkop in sy hand wat onder meer in die prosedure gebruik word.

Foto's: Petro Bosman

en ook 'n *fellowship* daarin by Bristol in die suidweste van Engeland gedoen het, het die nuwe prosedure reeds op twee pasiënte uitgevoer.

Van Huyssteen sê die nuwe prosedure, bekend as die Birmingham Midhead Resection, is in Birmingham, Engeland ontwikkel en word reeds die afgelope twee jaar op 'n proefbasis in Engeland en Australië met baie goeie resultate uitgevoer. "Hierdie is 'n oplossing vir jonger, meer aktiewe pasiënte

wat 'n heupvervanging benodig. Weens beskadiging of misvorming van die femurale kop, kan mens nie altyd 'n oppervlakvervanging soos gewoonlik doen nie. Avaskulêre nekrose of kindersiektes dra dikwels tot misvorming van die heup by.

"Met die nuwe prosedure word 'n stammetjie in die nek van die dybeen gesit met 'n groot metaalkop daarby – dit is dus metaal op metaal en nie metaal op plastiek nie soos met die ouer prosedure."

Die voordeel van die nuwe tegniek is dat dit meer stabiel is, daar is geen ontwrigtings nie en die metaal (kobalt-chroom) hou langer as die normale plastiek. Die afsny-ouderdom

vir dié prosedure is 65 jarige ouderdom om dat dit vir meer aktiewe, jonger pasiënte aanbeveel word, sê Van Huyssteen.

"Die gewone heupvervangingsprosedures word egter steeds uitgevoer," herinner hy. "Daar is dus nog steeds die normale heupvervanging en ook die sogenaamde oppervlakvervanging wat die afgelope sowat tien jaar al gedoen word, maar waar 'n pasiënt 'n goeie dybeenkop moet hê. Die kop van die dybeen word hier nie afgesny nie, maar gevorm met 'n sogenaamde 'cap' bo oor."

Van Huyssteen het al in Birmingham, waar die nuwe tegniek ontwikkel is, geassisteer met heupvervangings waar dit toegepas is. Hy sê jonger pasiënte se hersteltyd met die nuwe prosedure is vinniger en hulle kan dus gouer aangaan met hul normale roetine. "Nou kan pasiënte vinniger op hul sy lê of 'n normale toilet gebruik, alles omdat daar meer stabiliteit is. Die pasiënte waarop ek onlangs hier in Panorama geopereer het, kon op dag drie ná die operasie huis toe gaan."

Vir meer inligting bel Van Huyssteen se kamers by 021 930 8714/faks: 021 930 8796.



'n X-straalfoto van 'n pasiënt wat die nuwe prosedure ondergaan het, kan hier aan die regterkant op die foto gesien word. Aan die linkerkant is nog die gewone tegniek gebruik.